Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 21/02 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   - Baie dankie aan die VRL en BK se ouers wat gehelp het dat ons eerste sokkie 'n glansryke en romatiese dans was wat ons leerders baie geniet het. Die VRL en BK het met hul beplanning van die Valentynsdag tot 'n positiewe gees in die laer-en hoërskool bygedra. Al die pret het ook die VRL/BK-fondse 'n lekker hupstoot van ongeveer R4000 gegee.

2. **Personeelaangeleenthede:**
   Soné van Huyssteen is voortaan die gr. 1-assistent. Ons verwelkom Nicela Laruffa wat vanaf 17 Februarie as grondslagfase-assistent vir gr. 2 en 3 aangestel is. Ons vertrou dat sy baie gelukkig sal wees.

3. **Biblioteekweek:**
   Die jaarlikse biblioteekweek begin op 27 Februarie in die skoolsaal van Hoërskool McLachlan. Tien van ons leerders is betrokke.

4. **ATKV-Spelathon 2020:**
   Alle leerders van gr. 6-12 wat belangstel om hul spelling te verbeter, kan by juf. Marietjie Strydom kom inskryf. Inskrywingsgeld: R100 per persoon. Sluitingsdatum vir inskrywings: 9 Maart 2020. Verdere inligting kan by atkv@atkv.org.za gevind word.

5. **Vrydag, 28 Februarie 2020:**
   Gr. 1-koekverkoping

6. **Makietie:**
   Die datum van die Makietie gaan geskuif word a.g.v. te veel aktiwiteite te na aan mekaar. Leerders moet aanhou oefen. Die datum sal later bekendgemaak word.

7. **Wêreldkennisolimpiade gr. 6-12:**
   Enige leerder wat wil deelneem, moet by juf. Marietjie Strydom kom inskryf.
   Inskrywingsgeld: R25 per persoon
   Sluitingsdatum: 17 Maart 2020
   Verdere inligting: info@worldknowledgeolympiad.co.za

8. **Finansies:**
   Die eerste skoolfonsrekenings vir 2020 is die week per hand aan alle ouers gestuur, ongeag of die rekening 'n kredietsaldo het, en of op 'n aftrekorder betrekking het.

INTERNET GENERATION
iGen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Die rekening word per hand gelewer, aangesien die posdiens nie altyd doeltreffend funksioneer nie. In die vervolg sal slegs rekenings met 'n debietsaldo aan ouers gestuur word.

Ons doen 'n vriendelike, dog dringende, beroep op ouers om die skoolfonds gereeld te betaal, aangesien HS McLachlan finansieel daarvan afhanklik is.

9. **Kopluise:**
   In Hoërskool McLachlan is daar weer kopluise wat kop uitsteek. Ondersoek asseblief u kind se hare vir enige boosdoeners. Produkte is by die apteek beskikbaar.

10. **CAMI-klasse:**
    CAMI-klasse (Wiskunde, Afrikaans en Engels vir gr. 4- tot 7-leerders).
    Begindatum: 25 Februarie 2020
    Dinsdae: 14:15 tot 15:00
    Donderdae: 14:15 tot 15:00

    Reël met juf. Riana, om vordering in die vakke te maak. Hierdie klasse moet vir 'n kwartaal lank gereeld bygewoon word.

11. **Ekstra Wiskundeklas:**
    Ekstra Wiskundeklasse sal op Woensdag, 26 Februarie, direk na skool tot 15:00 plaasvind.

Graad 6 & 7	Mnr. Terblanche
Graad 8 & 9	Me. Hatton-Jones
Graad 10 tot 12	Mnr. Schlechter

12. **Ekstra Visuele Kunsteklas:**
    Daar word Woensdae ekstra kunsklasse in juf. Kritzinger se klas vanaf 14:15 tot 15:15 aangebied. Hierdie klasse is slegs vir graad 10-12-Visuele Kunste-leerders.

13. **Kringleierskamp:**
    Die VCSV-kringleiers gaan die naweek by Louterwater Landgoed kamp vir 'n lekker geesbou- en toerustingsgeleentheid. Ons wens hulle baie seën en groei toe. Mnr. Johan en Juf. Marie Strydom vergesel die groep en Juf. Roethilda is verantwoordelik vir die etes.

14. **#Imagine 2020:**
    #Imagine 2020 vind weer in die Maartvakansie se laaste naweek (27-29 Maart 2020) plaas. Dit sal by Mentoorskraal te Jeffreysbaai aangebied word en ons wil graag 'n bus vol VCSV-tieners saamvat na hierdie unieke geestelike tienerbelewenis waar lewens verryk word, hegte nuwe geestelike vriende gemaak word en waar tieners op 'n eietydse manier 'n Christelike naweek saam met hul maats(gr. 8 tot 12) kan beleef.

    Die kampkoste beloop R500 per persoon en leerders kan nou reeds met spesiale spaarbussies en fondsinsamelings begin om hulle sake reg te kry vir dié onvergeetlike naweek in ons jaar. Alle etes, programmateriaal is ingesluit en tieners bly in 'n avontuurlike tentedorp met baie sekuriteit. Daar is ook snoepies en verkopings op die terrein. Inskrywingsvorms kan by mnr. Schlechter verkry word, of tieners kan aanlyn registreer by www.imaginemovement.co.za. Ouers kan ook alle ekstra inligting op die webwerf lees of op "YouTube", reklame- en nuusvideo's volg. Graag wil ons ook ouers uitnooi om as vrywilligers/mentors/toesighouers/

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

voorbidders te kom saam kamp. Kontak asb mnr. Johan Schlechter by die skool.

15. **Gr. 5- en 6-VCSV-kamp:**
    Die VCSV-kamp vir ons gr. 5- en 6-leerders vind volgende naweek plaas. Ouers en leerders moet asb. hulle inskrywingsvorms voor Dinsdag by mnr. Schlechter ingee.

16. **Skaak:**
    Leerders wat belangstel in skaak, kan op Maandag- en Woensdagmiddae, van 14.20 tot 15:00, in mev. Bohnen se klas vir skaakoefening aanmeld.

    Daar sal ook op Dinsdag en Donderdag, gedurende die laerskool se sportperiodes, voorsiening gemaak word vir skaakoefening vir leerders wat nie betrokke is by rugby- en netbaloefening nie. Kontak mev. Bohnen skriftelik indien u kind hierdie keuse uitoefen.

    Sportoefening is baie belangrik vir die ontwikkeling van elke leerder, daarom geniet sport woorkeur wanneer 'n keuse tussen sport en skaak gemaak word.

17. **Radikale Redenaars:**
    Leerders wat aan die Radikale Redenaars wil deelneem kan hul inskrywingsgelde by mev. Bohnen inbetaal. Inskrywings beloop R110.00 per item per inskrywing vir redenaars en R75.00 per item per inskrywing vir lees. Inskrywings sluit op 3 April. Die eerste uitdunrondte vind op 7 Mei te Kareedouw plaas.Kyk op ***radikaleredenaar.com*** vir verdere inligting.

18. **Kia-fondsinsamelingsprojek:**

WEN 'N KIA-PICANTO (2020)

VIR SLEGS R100!

ALLE FONDSE WORD VIR HOëRSKOOL McLACHLAN AANGEWEND -

WEES DEEL VAN DIE OPWINDENDE PROJEK!

INTERNET GENERATION
igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Alle jongstes en enigstes sal op Dinsdag, 25 Februarie, een boekie met 5 kaartjies in ontvang.

Stap 1:
Verkoop die kaartjies teen R100 elk. Leerders teken vir ontvangs van die boekies.

Stap 2:
Die boekie met die 5 ingevulde teenblaaie word met die R500-kontant by die register-onderwysers inbetaal. **Die laaste datum van inbetaling is op 15 Mei 2020.**

Neem Kennis:

- U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
- Die teenblaaie moet asb volledig deur die koper of verkoper ingevul word.
- Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
- Ons moedig u aan om soveel as moontlik te verkoop, want alle fondse gaan aan Hoërskool McLachlan.
- Die wenner van die Kia – Picanto (2020) word in Augustus aangewys.

19. **Karoo 2 Coast – fietswedren: 20 September 2020:**
Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R800 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by McLachlan by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

20. **Grannor Passi-projek:**
Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons die voortbestaan kan verseker.

21. **Sportnuus**:

- Hoërskoolatletiek:
Nege atlete van Hoërskool McLachlan het Vrydag, 14 Februarie, aan die Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms by die Westbourne Oval deelgeneem. Ons atlete het uitstekend gevaar en medaljes ontvang.

Eerste plekke:	0/14	Elri van Jaarsveld	300mH
	0/14	Denique Ferreira	Hamergooi
	0/15	Chris Scott	Hamergooi
	0/17	Zack Strydom	Hamergooi
Tweede plekke:	0/14	R.J. Labuschagne	Hamergooi
	0/14	Elri van Jaarsveld	Hoogspring
	0/15	Taryn Uithaler	Spiesgooi
Derde plekke:	0/14	Johan Gerber	300mH
	0/15	Taryn Uithaler	Hoogspring
	M 19	Nicola de Kock	Spiesgooi

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Krieket:
  0/13 – wedstryd gekanselleer vir Maandag, 24 Februarie, deur Laerskool Jeffreysbaai. Hulle gee die punte vir ons.

  0/11 – speel Dinsdag, 25 Februarie, weg teen Laerskool Jeffreysbaai. Die bussie vertrek om 12:30 vanaf die skool.

  Dit sal ook die laaste wedstryd wees vir die seisoen. Geen verdere krieketoefening vir die seisoen nie.

- Netbal en Rugby:
  Vanaf Dinsdag begin netbal- en rugbyoefeninge vanaf 0/7 – 0/13 tydens sportperiode vir die laerskool. Die 0/12- en 0/13-OP-netbalproewe vind op 16 Maart te HPS plaas. Meer inligting volg later.

  Die hoërskool rugby- en netbaloefeninge is alreeds aan die gang en die 1ste sportdag is op 7 Maart te Hoërskool Wittedrift se Loeriesportdag. Meer inligting volg later.

- Tennis:
  Wedstryde teen Woodrige vir volgende week is uitgestel deur Woodridge. Opvolg wedstryde sal later gespeel word.

  Baie geluk aan die dogters wat hulle wedstryd teen Hoërskool DF Malherbe gewen het. Die seunstennisspan wen Donderdag, 20 Februarie, Alexander Road High oortuigend.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit